MEDIA24 Tussentydse verslag

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
(Media24)

Opsomming van die nagegane resultate van die Media24-groep vir die ses maande tot 30 September 2017

WELKOM YIZANI

TUSSENTYDSE VERSLAG

Media24 het gedurende die verslagtydperk sy sterk groei in digitalemedia- en e-handelbedrywighede voortgesit. Finansiële resultate was bevredigend ondanks 'n strawwe ekonomiese klimaat en volgehoue ontwrigting van tradisionele media. Ons is bly om 'n styging van 60% in handelswins vir die volwasse portefeulje te rapporteer, wat drukmedia, boekuitgewery en verspreiding insluit. Ons gaan voort met intensiewe beleggings in ons groei-ondernemings soos digitale media en e-handel om 'n volhoubare toekoms vir Media24 te verseker. Dit het 'n negatiewe uitwerking op korttermyn-winsgewendheid. Ons het oor die afgelope paar maande verder in ingenieurskapasiteit en data-ontleding belê om 'n beter gebruikerervaring deur die aanbod van verpersoonlikte inhoud te verseker en adverteerders te help om hul teikengehore meer doeltreffend via ons digitale platforms te bereik. E-modewinkel Spree het ook ingenieursinnovasies ontplooi om die beste aanlyn koopervaring te verseker, en het omset jaar tot jaar met 48% opgestoot. Met die besef hoe belangrik skaal in digitale media is, het ons ons leefstyltitels se digitale inhoud na die 24.com-platform oorgeskakel met verdere belegging in masjienleer en kunsmatige intelligensie vir verskeie vooraanstaande samevoeger-apps.

FINANSIËLE OORSIG

Vanaf 26 September 2017 is die grootste gedeelte van Media24 se belegging in Novus Holdings Beperk (Novus) via Naspers ontbondel in ooreenstemming met die Mededingingstribunaal se voorwaarde vir die goedkeuring van 'n samesmelting. Ná die ontbondeling het Media24 'n belang van 19% in Novus (66,5% voor ontbondeling). Op 30 September 2017 is die belegging in Novus gedra as 'n beskikbaar-vir-verkoop belegging en sy resultate is nie meer op 'n item-vir-item-grondslag gekonsolideer nie. Die resultate van Novus vir die ses maande geëindig 30 September 2017, asook die verlies wat met die ontbondeling aangeteken is, is by beëindigde werksaamhede weergegee, onderkant bedryfswins, met vergelykbare items dienooreenkomstig herstateer.

Met uitsluiting van Novus, het Media24 se omset met 5% tot R2,3mjd afgeneem terwyl die handelsverlies met 10% tot R157m toegeneem het, deels as gevolg van die voortgesette belegging in ons groei-ondernemings. Ná die ontbondeling bestaan Media24 se portefeulje uit drukmedia, boekuitgewery en verspreiding (die volwasse portefeulje), en digitale media, e-handel, e-handelvervulling, geklassifiseerde werkadvertensies en aanlyndienste (gesamentlik die groeiportefeulje genoem).

Die groei-ondernemings het gedurende die tydperk 17% van totale omset bygedra en met 29% gegroei, hoofsaaklik danksy sterk omsetgroei by Spree (+48%) en Digitale Media (+33%) asook nuwe bydraes tot omset deur die Afrikaanse leefstyltelevisiekanaal VIA. Die groei-ondernemings het steeds belê om skaal uit te brei. Dit, tesame met 'n belegging van R43m in Nigerië, het gelei tot netto bedryfsverliese vir die groeiportefeulje van R182m, wat 66% (R73m) hoër is as in die vorige tydperk.

Die volwasse portefeulje het R1 988m tot omset bygedra, 10% (R227m) minder as in die vorige tydperk. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het met onderskeidelik 7% en 5% gedaal, terwyl omset uit boekuitgewery 'n verhoging van 24% weerspieël het as gevolg van die tydstip waarop Botswana se handboekbestellings deurgekom het. Wat bemoedigend is, is dat handelswins in die volwasse portefeulje, danksy volgehoue kostebesparingsinisiatiewe en besigheidherstrukturerings, met 60% tot R85m verbeter het vir die tydperk. Soortgelyke pogings op 'n korporatiewe vlak het tot 'n vermindering van 33% in korporatiewe koste gelei.

Algehele vrye kontantvloei het ondanks voorgenoemde verbeter as gevolg van die opbrengs met die verkoop van twee eiendomme.

Weens die Mededingingstribunaal se voorwaardes vir die goedkeuring van 'n samesmelting, het Media24 herkapitalisasie nodig gehad voor die ontbondeling van Novus. Media24 het dus 70 B- gewone aandele ten bedrae van R1,4mjd aan Naspers uitgereik. Die geaffekteerde Novus-aandele is toe aan Naspers uitgekeer as 'n in specie-dividend. 'n Spesiale kontantdividend van R216m (R14,79 per aandeel) is ook aan die swart bemagtigingsgroep Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk verklaar. Dit verteenwoordig hul proporsionele aandeel in die ontbondelingswaarde. Naspers het afstand gedoen van sy reg om in hierdie spesiale kontantdividend te deel.

Op 28 Augustus 2017 is gewone dividende van R42m verklaar aan aandeelhouers wat op hierdie dag geregistreer was.

WERKSAAMHEDE

24.com het nou bykans 13m daaglikse bladbesoeke (11% hoër jaar tot jaar) met bykans 85% hiervan wat afkomstig is van mobiele blaaiers en apps. Gemiddelde daaglikse unieke gebruikers het oor dieselfde tydperk met 13% gegroei en 24.com het nou 17m aktiewe gebruikers per maand. News24 bly die leier in digitale nuus, met 'n markaandeel van 47% onder Suid-Afrikaanse uitgewers. Netwerk24, wat reeds die grootste inteken-nuusbestemming in die land is, het sy intekenaarbasis jaar tot jaar met 27% uitgebrei en die gratis Afrikaanse nuus-app NetNuus, wat in 2016 bekendgestel is, het nou sowat 87 000 maandelikse gebruikers. Die nuwe samevoeger-apps DailyKick en Sliced het bemoedigende groei in aktiewe installerings en gebruikersgetalle getoon, terwyl Bounce die topnuus-app in Nigerië geword het binne slegs ses maande nadat dit bekendgestel is. News24 Edge, die verpersoonlikte weergawe van News24, is onlangs deur die Wêreldvereniging van Koerante en Nuusuitgewers as die gesamentlike beste mobiele nuus-app in die wêreld aangewys.

Spree het sy bestellings met 48% en besoeke met 35% uitgebrei teenoor dieselfde tydperk laas jaar. Dit is ondanks die feit dat die e-vervullingsonderneming On the Dot arbeidskwessies in sy pakhuis in Johannesburg ondervind het wat tydelike vertragings met aflewerings veroorsaak het. Spree het The Index, 'n aanlynwinkel vir tekkies en sport- en ontspanningklere, geloods en beeldsoek-funksionaliteit in sy app bekendgestel waarmee gebruikers foto's daarop kan laai om soortgelyke items in die Spree-winkel op te spoor. Hiervoor, en sy uitstekende gebruikerervaring, het hy 'n toekenning as 'n digitale innoveerder by Afrika se Customer Experience Awards verower.

Die webwerf vir geklassifiseerde werkadvertensies, Careers24, het sy intekenaarkontrakte vermeerder en 'n nuwe aansoeker-naspoorstelsel, Simplify.hr, bekendgestel, wat goed in die mark ontvang is.

Ondanks 'n algehele daling in omset het drukmediawerksaamhede verwagtings oortref danksy 'n oplewing in kleinhandel-advertensies en streng kostebestuur. Ons het ons advertensiemarkaandeel vir koerante en tydskrifte verhoog en ons markleierskap in drukmediasirkulasie behou. Ons Sondagkoerante het goed gevaar terwyl 'n paar plaaslike titels hul beste resultate nóg behaal het. Daily Sun het sy posisie as Suid-Afrika se grootste dagblad behou en die gesogte Frewin-trofee by die Standard Bank Sikuvile-toekennings vir joernalistiek verower, terwyl die Afrikaanse dagblad Volksblad die McCall-trofee die sewende keer in agt jaar gewen het. Ads24 is as die beste koerantadvertensie-verkoopspan aangewys by die advertensiebedryf se prestigieryke MOST-toekennings. Leefstyl, ons tydskrifuitgewer-afdeling, gee ses van die top 10 verbruikerstydskrifte in Suid-Afrika uit, waaronder die top drie – Huisgenoot, YOU en Kuier.

VIA, die gewildste leefstylkanaal onder Afrikaanse kykers op DStv, het jaar tot jaar 40% groei in Afrikaanse spitstydkykers aangeteken, met 285 500 gemiddelde daaglikse kykers wat in September ingeskakel het. Talle VIA-programme het pryse verower, waaronder 'n Suid-Afrikaanse rolprent- en televisietoekenning en vier ATKV Mediaveertjies.

Skoolboekuitgewer Via Afrika en Collegium het gesonde handboekbestellings in onderskeidelik Suid-Afrika en Botswana ontvang, terwyl tersiêre uitgewer Van Schaik by sy sterk uitgewersprogram baat gevind het. NB-Uitgewers het sy leiersposisie onder plaaslike handelsuitgewers behou en verskeie letterkundepryse gewen, waaronder vyf toekennings van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en vyf ATKV Woordveertjies. Jonathan Ball Publishers het verskeie topverkopers uitgegee, soos die biografie *Thuli Madonsela* en Redi Thlabi *se Khwezi*.

DIREKSIE

Cindy Hess, finansiële hoof van die Media24-groep en direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie, het op 31 Oktober 2017 as finansiële hoof en direkteur bedank. Media24 se direksie spreek hul dank uit teenoor Cindy vir haar waardevolle bydrae en wens haar alles van die beste toe met haar toekomsplanne. Abduraghman (Manie) Mayman, voormalige groep- finansiële hoof en huidige nie-uitvoerende direkteur van Media24, is vanaf 1 November 2017 as waarnemende groep- finansiële hoof aangestel.

AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE VERSLAG

VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande geëindig 30 September 2017 is opgestel in ooreenstemming met die vereistes van IAS 34 *Tussentydse Verslagdoening* en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet. Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van hierdie verkorte tussentydse verslag gevolg is, is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en strook met die beleid wat in vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag is opgestel onder toesig van Manie Mayman GR(SA), waarnemende finansiële hoof van die Media24-groep.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag vir die ses maande geëindig 30 September 2017 is nagegaan deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat 'n ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. 'n Afskrif van die ouditeursverslag oor die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state, tesame met die finansiële state waarna in die ouditeursverslag verwys word, is op aanvraag beskikbaar by sowel die maatskappy se geregistreerde kantoor asook op sy webwerf. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
29 November 2017

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Voortgesette bedrywighede			
Omset	**2 333**	2 450	4 951
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(1 763)**	(1 926)	(3 821)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(740)**	(675)	(1 459)
Ander winste/(verliese)	**17**	(23)	(27)
Bedryfsverlies	**(153)**	(174)	(356)
Rente ontvang	**20**	5	13
Rente betaal	**(5)**	(2)	(9)
Ander netto finansieringskoste	**(1)**	–	(7)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(1)**	(2)	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**10**	12	23
(Verlies)/Wins met verkoop van beleggings	**–**	(3)	19
Verlies voor belasting	**(130)**	(164)	(319)
Belasting	**(16)**	(9)	(26)
Verlies uit voortgesette bedrywighede	**(146)**	(173)	(345)
(Verlies)/Wins uit beëindigde bedrywighede	**(36)**	202	257
(Verlies)/Wins vir die tydperk	**(182)**	29	(88)
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**(310)**	(43)	(196)
Nie-beherende belang	**128**	72	108
	(182)	29	(88)
Voortgesette bedrywighede			
Kernwesensverlies vir die tydperk	**(99)**	(145)	(351)
Wesensverlies vir die tydperk	**(111)**	(152)	(354)

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSVERLIES NA HANDELSVERLIES

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Voortgesette bedrywighede			
Bedryfsverlies	**(153)**	(174)	(356)
Amortisasie van ontasbare bates	**2**	2	4
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**11**	6	12
Ander (winste)/verliese	**(17)**	23	27
Handelsverlies	**(157)**	(143)	(313)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
(Verlies)/Wins vir die tydperk	**(182)**	29	(88)
Totale ander omvattende inkomste, na belasting, vir die tydperk	**(40)**	–	2
Kontantvloeiskanse	**25**	1	–
Aktuariële hermetingsreserwe	**–**	–	5
Billikewaarde-reserwe	**(59)**	–	–
Beweging in ander reserwes	**1**	(1)	(3)
Belasting op ander omvattende inkomste	**(7)**	–	–
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**(222)**	29	(86)
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**(356)**	(43)	(194)
– Voortgesette bedrywighede	**(338)**	(179)	(364)
– Beëindigde bedrywighede	**(18)**	136	170
Nie-beherende belang	**134**	72	108
– Voortgesette bedrywighede	**16**	4	22
– Beëindigde bedrywighede	**118**	68	86
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**(222)**	29	(86)

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**2 951**	3 191	3 191
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**(357)**	(43)	(194)
Veranderings in ander reserwes	**220**	(95)	(76)
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(41)**	6	(41)
Beweging in ander reserwes	**43**	(62)	(37)
Beweging in behoue verdienste	**53**	–	41
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(1 275)**	(39)	(39)
Inskrywing op B- gewone aandele	**1 440**	–	–
Veranderings in nie-beherende belang	**(1 231)**	(7)	30
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**134**	72	108
Dividende aan minderhede betaal	**(69)**	(83)	(88)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**1**	4	10
Novus-ontbondeling	**(1 297)**	–	–
Saldo aan die einde van die tydperk	**1 583**	3 046	2 951
Bestaande uit:			
Aandeelkapitaal en -premie	**6 307**	4 867	4 867
Behoue verdienste	**(2 284)**	(640)	(753)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**14**	103	56
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 571)**	(3 646)	(3 621)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077	1 077
Verskansingsreserwe	**–**	(2)	(3)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(17)**	(22)	(17)
Billikewaarde-reserwe	**(59)**	–	–
Valuta-omrekeningsreserwe	**22**	22	20
Nie-beherende belang	**94**	1 287	1 325
Totaal	**1 583**	3 046	2 951

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	**1 104**	3 330	742
Bedryfsbates	**2 537**	2 921	1 356
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	179	3 541
Totale bates	**3 641**	6 430	5 639
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Kapitaal en reserwes	**1 583**	3 046	2 951
Nie-bedryfslaste	**257**	517	238
Bedryfslaste	**1 801**	2 838	1 731
Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	29	719
Totale ekwiteit en verpligtinge	**3 641**	6 430	5 639

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(369)**	(208)	324
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(23)**	(122)	(118)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(23)**	(239)	(279)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(415)**	(569)	(73)
Valuta-omrekeningsaanpassings	**–**	–	(1)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**218**	252	252
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente van beëindigde bedrywighede	**409**	424	40
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**212**	107	218

VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Kapitaalbesteding	**16**	42	49
Bedryfshuurverpligtinge	**118**	201	209
Verpligtinge	**134**	243	258

FINANSIËLE INSTRUMENTE

	Billikewaarde-metings op 30 September 2017 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste (vlak 1) R'm	**Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) R'm**	**Beduidende ander onwaarneembare insette (vlak 3) R'm**
Die billike waarde van die groep se finansiële instrumente wat teen billike waarde vir elke verslagtydperk gemeet word, word soos volg gekategoriseer:			
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**396**	**–**	**4**
Valutakontrakte	**–**	**1**	**–**
	Billikewaarde-metings op 30 September 2016 gegrond op:		
Bates			
Valutakontrakte	–	2	–
Laste			
Valutakontrakte	–	19	–
	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2017 gegrond op:		
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	–	3	4
Valutakontrakte	–	2	–
Laste			
Valutakontrakte	–	19	–

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERLIES

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Voortgesette bedrywighede			
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(465)**	(178)	(367)
Aangesuiwer vir:			
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**6**	26	29
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**(23)**	(3)	(2)
– Verlies/(Wins) met verkoop van beleggings	**371**	3	(19)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**–**	–	12
Wesensverlies	**(111)**	(152)	(347)
Aangesuiwer vir:			
– Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	**1**	3	5
– Valuta(winste)/–verliese	**(1)**	(2)	1
– Erkenning van uitgestelde belasting–bates met betrekking tot vorigejaar–verliese	**–**	–	(25)
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**12**	6	12
Kernwesensverlies	**(99)**	(145)	(354)

BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2017 Nagegaan R'm	2016 Nagegaan R'm	2017 Geouditeer R'm
Inkomstestaat			
Omset	**1 827**	2 177	4 312
Ekstern	**1 342**	1 540	3 099
Intergroep	**485**	637	1 213
Uitgawes	**(1 528)**	(1 887)	(3 951)
Wins voor belasting	**299**	290	361
Belasting	**(62)**	(88)	(104)
Wins ná belasting	**237**	202	257
Verlies met afstanddoening van filiaal	**(273)**	–	–
(Verlies)/Wins uit beëindigde bedrywighede	**(36)**	202	257
Staat van kontantvloei			
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(123)**	(25)	491
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(79)**	(127)	(231)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(207)**	(272)	(300)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(409)**	(424)	(40)

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), J P Bekker, S S de Swardt, J C Held, G M Landman, A Mayman, D Meyer, T D Petersen, E Weideman, H S S Willemse

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196 (Posbus 1266, Bramley 2018)

pwc

BEOORDELINGSVERSLAG VAN ONAFHANKLIKE OUDITEUR OOR TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

Aan die Aandeelhouers van Media24 Beherend Eiendoms Beperk

Ons het die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk soos vervat in die bygaande tussentydse verslag nagegaan. Die verslag bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 September 2017 en die verwante verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, verkorte gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit en kontantvloeistaat, vir die ses maande geëindig 30 September 2017, en geselekteerde verklarende aantekeninge.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die tussentydse finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en voorstelling van hierdie tussentydse finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard (IAS) 34 Interim Financial Reporting' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van tussentydse finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n gevolgtrekking oor hierdie tussentydse finansiële state uit te spreek. Ons het ons oorsig ooreenkomstig die 'International Standard on Review Engagements 2410, Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity' uitgevoer. ISRE 2410 vereis van ons om tot 'n gevolgtrekking te kom of enigiets onder ons aandag gekom het wat ons laat glo dat die tussentydse finansiële state nie in alle wesenlike opsigte opgestel is ooreenkomstig die toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk nie. Hierdie Standaard vereis ook dat ons aan relevante etiese vereistes voldoen.

'n Oorsig van tussentydse finansiële state ooreenkomstig ISRE 2410 is 'n beperkte gerusstellingsaanstelling. Ons voer prosedures uit wat hoofsaaklik bestaan uit die rig van navrae aan bestuur en ander persone binne die entiteit, soos toepaslik, en die toepassing van analitiese prosedures, en evalueer die bewyse wat verkry is.

Die prosedures wat uitgevoer word tydens 'n oorsig is aansienlik minder as dié wat tydens 'n oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer word. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening oor hierdie tussentydse finansiële state uit nie.

Gevolgtrekking

Gebaseer op ons oorsig, het niks onder ons aandag gekom wat ons laat glo dat die meegaande verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk vir die ses-maande periode wat op 30 September 2017 geëindig het nie, in alle wesenlike opsigte, opgestel is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika nie.

Ander saak

Ons het nie toekomstige finansiële prestasie en verwagtings wat deur die direkteure uitgespreek en by die kommentaar in die bygaande tussentydse finansiële state ingesluit is, nagegaan nie. Daarom verskaf ons nie 'n gevolgtrekking daaroor nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Viresh Harri
Geregistreerde Ouditeur
Kaapstad
24 November 2017